Woordbou: Stamme en affikse

Wat is woordbou?

Woordbou (ook: morfologie) is die afdeling van die taalkunde waarin ons woorde se samestelling bestudeer.

Woorde is soos Legoblokkies. Van die blokkies kan op hulle eie iets beteken, ander blokkies moet eers deel raak van ’n ander bousel voor hulle iets beteken.

In hierdie afdeling bespreek ons die soorte bousels wat ’n mens kry waaruit woorde aanmekaargesit kan word. In die afdeling oor simplekse en komplekse woorde bespreek ons die soorte bousels wat ’n mens kry as jy klaar die onderdele aanmekaargesit het.

Wat is stamme?

’n **Stam** (ook soms “basisvorm” genoem) is die kleinste betekenisdraende deel van ’n woord wat onafhanklik kan optree. Sommige woorde bestaan net uit stamme. ’n Mens kan geen deel van so ’n woord wegneem sonder om ’n betekenisverandering te veroorsaak nie:

blom	*vrou*	*kind*	*leer*
wonder	*koppel*	*Londen*	*berg*

Wat is affikse?

Affikse (ook soms “morfeme” of “voegsels” genoem) is bousels wat ’n mens saam met stamme kan gebruik om die betekenis van die stam uit te brei. [1] Hoewel affikse dus betekenis bydra, kan affikse nie op hulle eie in ’n sin staan om betekenis oor te dra nie. In die volgende woorde is die affikse vetgedruk:

*blom**me***	*vrou**lik***	*kind**eragtig***	*leer**ling***
*wonder**lik***	***ont**koppel*	*Londen**se***	***ge**berg**te***

Hoe verbind affikse met stamme?

Affikse kan op vier maniere met stamme verbind:

Affikse kan voor die stam kom, dan noem ons hulle “prefikse” (of “premorfeme” of “voorvoegsels”). In die voorbeelde hier onder is die prefikse vetgedruk:

ont*koppel*	***ver****koop*	***ge****kry*	***her****skryf*	***be****blom*

Affikse kan ná die stam kom, dan noem ons hulle “suffikse” (of “postmorfeme” of “agtervoegsels”). In die voorbeelde hier onder is die suffikse vetgedruk:

*koppel****ing***	*koppel****aar***	*kop****er***	*skryf****sel***	*blomm****e***

Affikse kan tussen stamme kom, dan noem ons hulle “interfikse” (of “tussenmorfeme” of “tussenvoegsels”). In die voorbeelde hier onder is die interfikse vetgedruk:

*kind****er****kamer*	*verjaar****s****dag*	*hond****e****hok*

Affikse kan weerskante van stamme kom, dan noem ons hulle “sirkumfikse”. Let op: Hierdie soort affikse is nie net ’n prefiks en ’n suffiks wat toevallig saam gebruik word nie, dis twee affikse wat saam gebruik moet word. ’n Mens kan nie een van die twee weglaat nie. In die voorbeelde hier onder is die sirkumfikse vetgedruk:

be*skroom****d***	***be****ken****d***	***ge****dien****d***	***ge****berg****te***

Watter soorte affikse kry ons?

Affikse word in twee groepe verdeel op grond van wat hulle vir die woord doen. [2] Ons noem die twee groepe “fleksie” en “afleidings”.

Fleksie word gebruik om die woord te laat pas by wat nog in die sin aangaan en maak eintlik net ’n ander vorm van dieselfde woord.

Die taalkundige eienskappe van fleksie is dat dit:

- meestal nie die woordsoort van die woord verander nie; en
- “buite” (voor prefikse en ná suffikse) aan die woord kom.

Kyk byvoorbeeld na die sin *Hy gee vir sy ma* ***een blom.*** In hierdie sin is daar ’n ooreenstemming tussen die telwoord **een** en die naamwoord **blom**. Omdat **een** die hoeveelheid 1 aandui, moet die naamwoord in die enkelvoud wees. In ’n sin soos *Hy gee vir sy ma* ***twee blomme*** móét ons die suffiks **-e** ná die woord **blom** gebruik, want die naamwoord moet met die telwoord ooreenstem.

Affikse waarmee ons die volgende maak, is tipies fleksievorme:

Meervoude

*Julian koop twee roomys****e****.*

Verkleiningsvorme

*Julian se ou roomys****ie*** *is maar klein.*

Verlede tyd

Julian het ’n roomys ***ge****koop.*

- Die affikse waarmee ons die vergrotende en oortreffende trap aandui (**-er** en **-ste**)

*Brendan se roomys is grot****er*** *as Julian s’n, maar Geraldine s’n is die groot****ste****.*

- Die attributiewe **-e**:

*Julian het ’n nuw****e*** *roomys gekies.*

- Deelwoorde (Dis ’n belangrike kategorie, want hoewel dit van ’n werkwoord ’n adjektief maak, word dit in die morfologie as fleksie beskou.)

*Die smelt****ende*** *roomys het op alles gedrup.*

- Affikse wat gender (geslag) aandui

*Die koning****in*** *ry in haar koets.*

- Infinitiewe (Baie skaars in Afrikaans.)

*Julian koop vir hom iets te et****e****.*

- Naamvalle (Baie skaars in Afrikaans.)

*Julian koop vir hom iets lekker**s**.*

Afleidings, daarteenoor, se taalkundige eienskappe is dat dit

- die woordsoort van die woord kan verander; en
- “binne” die fleksievorme staan.

In die volgende voorbeelde is die afleidings vetgedruk:

*My oupa het sy wys**heid** oor baie jare gekry* (maak van die byvoeglike naamwoord **wys** ’n naamwoord **wysheid**).

*Ek is nou sommer moede**loos*** (maak van die naamwoord **moed** ’n byvoeglike naamwoord **moedeloos**).

*Die delw**er** kry ’n groot diamant* (maak van die werkwoord **delf** ’n naamwoord **delwer**)

*Waar is die skakel**aar**?* (maak van die werkwoord **skakel** ’n naamwoord **skakelaar**).

*Drink genoeg vloeistof sodat jy nie **ont**water nie* (maak van die naamwoord **water** ’n werkwoord **ontwater**).

Kry ons net stamme, afleidings en fleksievorme?

Nee, die woorde waarmee ons in Afrikaanse tekste te doen kry, is dikwels ’n samevoeging van hierdie morfologiese bousels. Hierdie meer komplekse woorde word in die volgende afdeling bespreek. Kyk byvoorbeeld na die volgende:

ontploffings (ont- + plof + -ing + -s = afleiding (prefiks) + stam + afleiding (suffiks) + fleksie (suffiks))

gebergtes (ge- + berg + -te + -s = afleiding (sirkumfiks) + stam + fleksie (suffiks))

winkelvensterversierings (winkel + venster + ver- + sier + -ing + -s = stam +

stam + afleiding (prefiks) + stam + afleiding (suffiks) + fleksie (suffiks))